

ALGEMEEN

'n Gebrek aan basiese taal- en proefleesvaardighede het sommige leerders benadeel. Die toepassing van basiese tikreëls en die toepassing van die basiese funksies van die rekenaar is vir baie leerders 'n struikelblok. Die instellings van rekenaars en drukkers by sentrums is nie korrek gedoen nie. Onderwysers moet verseker dat die drukker en rekenaar se instellings **albei** op A4 en nie **letter** is nie.

Leerders versuim ook om die instruksies wat bo-aan die vraag gegee word, behoorlik deur te lees en verloor sodoende punte omdat hulle dit nie nakom nie.

VRAAG 1 (Snelnoukeurigheidstoets)

Meer aandag behoort aan spoedontwikkeling geskenk te word. Leerders wat die minimum spoed behaal het, het goed gedoen in hierdie vraag en kon ook die res van die vraestel gemaklik binne die toegelate tyd voltooi.

Die belangrikste komponent van Rekenaartik is akkuraatheid. 'n Leerder wie nie die minimum spoed kan behaal nie, maar steeds die res van die vrae akkuraat tik, kan steeds met gemak 'n goeie punt vir die vraestel behaal.

VRAAG 2 (Tabel)

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Aandag moet egter geskenk word aan die tik van omramings en ander lyne.

VRAAG 3 (Brief)

Hierdie vraag is die swakste van al die vrae beantwoord. Leerders beskik nie oor die basiese kennis van die uiteensetting van 'n brief nie en baie punte is verloor omdat datums, lys van gesirkuleerdes, inhoudsopskrifte en slotte weggelaat is.

Die tik van die tweede bladsy op 'n blanko papier was ook problematies. Leerders weet nie hoe om 'n seksiebreek te gebruik om te verhoed dat die inligting wat in die voetskrif voorkom, op die daaropvolgende bladsye verskyn nie.

VRAAG 4 (Verslag)

Die tik van hierdie vraag het 'n goeie kennis van sekere rekenaarfunksies vereis. Leerders het gesukkel om die vraag te beantwoord omdat hulle nie geweet het watter funksie om te gebruik om getalle in kolomme te tik nie.

Die slot van die verslag het ook probleme vir sommige kandidate veroorsaak.

VRAAG 5 (Agenda)

Hierdie vraag is goed beantwoord. Die meeste leerders het geweet om gidsstippies te tik en om simbole in te voeg. Soos by die brief was die slot swak uiteengesit.

VRAAG 6 (Redigering)

Leerders behoort aangemoedig te word om hierdie vraag direk na die spoed te doen. Die volgende funksies verdien aandag:

- ? verandering van kas (*Format/Change case*);
- ? outomatiese numerering in arabiese en romeinse syfers asook alfabeties;
- ? format painter;
- ? skandering van teks;
- ? end- en voetnotas;
- ? die verskil tussen "cut" en "copy";

? sorteer van teks

VRAAG 7 (Teorie)

Kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het goed gevaar. Leerders behoort aangemoedig te word om deeglik vir hierdie vraag voor te berei en dit te beantwoord. Leerders wat nie die minimum spoed behaal nie, kan makliker punte in hierdie vraag behaal as in ander vrae waar baie tikwerk vereis word.